## VAN STAMVERWANTE BODEM

In die kwartaalblad *Universitas* (Stuttgart, deel V, nr. 4) kom 'n lesenswaardige reisbeskrywing van die hand van dr. E. Brunner-Traut oor die Soedan voor. Onder meer word besonderhede oor die geskiedenis van Khartoem en omgewing en die Nyldal noordwaarts verstrek, 'n gebied wat omstreeks 2,000 v.C. deur die Egiptenare gekoloniseer is. Tydens die bewind van keiser Justinianus, is die Soedan gekersten om onderskeidelik in 1340 (noorde) en 1504 (suide) ten onder te gaan. In 1864, ten tyde van die invoering van die Egiptiese bewind, het die Mohammedaanse geloof staatsgodsdiens in die Soedan geword. Ons herinner die leser ook aan die Mahdi-tydperk, die verowering van die Soedan deur Kitchener (1896-1898), die onafhanklikheidsverklaring van die Soedan (1956) en die stigting van 'n republilek onder President Ferik Ibrahim Abboed (1958). Die hedendaagse bevolking is ongeveer 11.5 miljoen.

In dieselfde nommer van die genoemde kwartaalblad kom besonderhede voor oor die ontdekking van die eerste volledige Romeinse fort op die vasteland van Europa te Künzig (Beiere) en die opsporing van nuwe oorblyfsels van die beroemde altaar van Pergamum.

'n Groot gedeelte van die inhoud van die Junie-nommer (1963) van *De Toerist* (Antwerpen), is aan die twee Brabantse stede Aarschot en Diest gewy. Die eersgenoemde stad bestaan tans 750 jaar, terwyl Diest reeds in die jaar 900 genoem word. Prins Willem van Oranje was 'n tydlank heer van Diest, die inhuldiging van sy oudste seun, Filips Willem, het in 1602 gevolg. Vandag voer die koningin van Nederland nog o.m. die titel vrou van Diest. Die laaste Oranjebesitting in Diest, is in 1820 verkoop en tans herinner die Oranje-Nassauhuis aan die Graanmark, deur Hendrik van Nassau gebou in 1516, nog aan die ou bande tussen Diest en Oranje-Nassau.

Kerkgeboue van buitelandse kerkgenootskappe (*'s Gravenhage*, jg. 18, Febr. 1963), verplaas ons na Den Haag waar, in buitelandse kringe, reeds in 1586, tydens die bewind van Leicester, die behoefte aan Engelse kerkdienste ontstaan het. Die *Deutsch Evangelische Gemeinde* dateer vanaf 1859, ofskoon reeds in die 17de eeu, dienste in Duits in Den Haag gehou is. Die *Eglise-Walonne* (Waalse Kerk) dateer vanaf 1588, die huidige kerkgebou van die gemeente van 1808. 'n Waalse predikant is tot hede nog altyd een van die Nederlandse hofpredikante. In die bydrae word ook verskillende ander buitelandse kerkgenootskappe bespreek wat oor kerkgeboue in Den Haag beskik.

In Florence is prof. dr. G. J. Hoogewerff, oud-hoogleraar aan die Utrechtse universiteit en oud-direkteur van die *Nederlands Historisch Instituut* (Rome) oorlede. Prof. Hoogewerff het veral bekendheid verwerf deur sy standaardwerk oor die Nederlandse skilderkuns tot ongeveer 1600.

In die *Museum voor Land- en Volkenkunde* (Rotterdam) is 'n tentoonstelling oor die batik-kuns van Java gehou, waarvoor J. Hurwitz 'n aantreklike, beredeneerde katalogus saamgestel het. Hierdie kunshandwerk is oorspronklik afkomstig van Koromandel (Indië) en het voor die Tweede Wêreldoorlog sy hoogste bloei op die eiland Java bereik. In die publikasie is o.m. die verskillende tegnieke beskryf, terwyl die teks deur 'n aantal aantreklike afbeeldings toegelig word.


*Visit to Segesta*, in die Junie-nommer (1963) van *News from Italy*, bied die belangstellende leser boeiende leesstof oor die tempel van Segesta, 'n Griekse bouwerk van die vierde eeu v.C. op die eiland Sicilië.

Besonderhede oor die geslag *Staring* sowel as oor Rembrandt se kleindogter *Titia van Rijn* kom, waar dit sekere genealogiese aspekte betref, voor in die Februarie-nommer (1963) van *De Nederlandse Leeuw*.

*In Zuid-Afrika* (Amsterdam) kom o.m. die volgende belangrike bydraes voor: *Bij het vertrek van prof. dr. H. van der Merwe Scholtz* en *Die Gelofte en Geloftedag* (prof. dr. D. J. Kotzé) (Jan. 1963), 'n bespreking van dr. G. D. Scholtz se jongste werk *Die Republiek van Suid-Afrika en die Nuwe Wêreld* (Febr. 1963), idem van prof. dr. F. A. van Jaarsveld se gebundelde opstelle *Lewende Verlede* (April 1963) en prof. dr. W. G. Ovink se beskouing: *De actuele betekenis van historische verbondenheid*, waarin o.m. gewaarsku word teen die verontagsaming van gemeenskaplike besit aan taal en kultuur en die loslating van betrekkings wat deel uitmaak van Nederland se geestelike kapitaal. In Nederland is daar 'n aantal inwoners wat, aldus prof. O., Suid-Afrika afwys, sonder dat hulle hulself ernstig rekenskap gee van wat daar werklik in ons land gebeur. Prof. O. wys daarop dat in Nederland, sowel as in S.A., stryd in die verlede en 'n onsekere toekoms die geestesgesteldheid bepaal en dat botsende opvattings sterker spreek deur die verskil in ervarings. *Wij zouden*, aldus die redaksie van die blad, *eraan kunnen toevoegen dat men over en weer zich zelf door de koers van de ander in zijn bestaan bedreigd voelt. In Zuid-Afrika beseft men duidelijker hoe hier de toedracht ligt dan in Nederland, waar men geneigd is eigen overtuigingen te verabsoluteren zonder te willen of te kunnen zien dat ook de ander in menselijke beperktheid probeer zijn verantwoordelijkheid jegens God en de medemens naar vermogen recht te doen. Als men zich daarvan meer doordringen wilde, zou het mogelijk zijn in te stemmen met wat prof. Ovink zegt over plotselinge opwellingen en tijdelijke stemmingen, die nooit tot onherroepelijke daden mogen leiden.*

In *Arthur Moeller van den Bruckund der revolutionäre Nationalismus in der Weimarer Republik* (Musterschmidt-Verlag, Göttingen, 1962) behandel Hans-Joachim Schwierskott die lewe en staatkundige gedagtes van 'n volgeling van Nietzsche en 'n swerwer-skrywer-kunstenaar wat na sy aanvanklike rondswerwings in Duitsland en Frankryk tydens die Eerste Wêreldoorlog in diens van die Duitse Departement van Oorlogsvoorligting en propaganda gewerk het, om na die oorlog 'n leidende aandeel te neem in staatkundige besprekings en beskouings oor die na-oorlogse Duitsland tydens die Weimar-republiek. Gewoonlik is hierdie besprekings in kleiner groepsverband gehou en was dit meer van teoretiese aard as van onmiddellike invloed op die verloop van sake op staatkundige gebied. Moeller van den Bruck en die strominge in die na-oorlogse Duitsland bring die leser o.m. in noue aanraking met die „Antibolschewistische Liga", die „Juni-Klub" en die „Ring-Bewegung", m.a.w. met konserwatiewe stromings onder die jongeres. Dit gee ons ook 'n beeld van die gevoelens ten opsigte van die uitwerking van die Vredesverdrag van Versailles, van die Kapp-staatsgreep en die vermoording van politieke leiers soos Erzberger en Rathenau. Ook bring dit ons by die oplewing van die nasionalisme, die sosialistiese gedagtes en die voorlopers van 'n moontlike diktatuur. Die skrywer behandel ten slotte die vraag in hoever Moeller van den Bruck en sy aanhangers as wegbereiders van die latere Hitlerdiktatuur beskou kan word. In dié verband is, aldus die skrywer, 'n aanhaling van Hermann Rauschning van toepassing op 'n groep geesverwante van Moeller van den Bruck: „There can be no compromise with revolution. Every revolution lives by its claim to exclusive authority . . . *Thus it was a mistake to propose to make a conservative revolution*" (kursivering in die werk, bl. 160).

Dr. J. Ploeger.



# Staal vir Vooruitgang!

Staal is die fondament waarop ekonomiese vooruitgang in elke moderne land gebou word. In Suid-Afrika word verreweg die grootste deel van alle staalbenodigdhede deur die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie, Beperk (YSKOR), gelewer.

Van 'n aanvanklike produksievermoë van slegs 180,000 gietblokton staal in 1934, het YSKOR ontwikkel tot 'n sleutelbedryf wat tans teen 'n peil van meer as 2,350,000 gietblokton per jaar produseer . . . en dié syfer styg nog steeds!

Ten einde tred te hou met die toenemende vraag na staal, het die Korporasie 'n nuwe uitbreidingskema aangepak wat ongeveer R560-miljoen sal kos en sy jaarlikse produksievermoë binne tien jaar sal verhoog tot sowat 4,500,000 gietblokton.

So lewer YSKOR 'n belangrike bydrae tot die land se ekonomie. Sy staalproduksie bespaar waardevolle buitelandse betaalmiddele vir Suid-Afrika en voorsien plaaslike verbruikers van 'n allernoodsaaklikste materiaal teen pryse wat heelwat laer is as dié van ingevoerde staal. Daarbenewens is die gehalte van YSKOR-staal van die beste ter wêreld.

**SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK**

**HOOFKANTOOR: POSBUS 450 PRETORIA**

# *Uit ons Geskiedenis is 'n Nasie gebore!*

Die Poskantoor dien nie net die publiek nie,

hy dien

## DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Diens in die Poskantoor as poskantoorklerk of tegnikus,
is diens aan u land.

**U word verseker van**

- ★ 'N GOEIE SALARIS
- ★ RUIM VERLOFVOORREGTE
- ★ 'N GOEIE OPLEIDING
- ★ 'N PENSIOEN BY UITDIENSTREDING
- ★ SPOORWEGKONSESSIES
- ★ 'N MEDIESE SKEMA
- ★ 'N BEHUISINGSLENING

**U plaaslike Posmeester sal nadere besonderhede verstrek.**